

## WOORD & DAAD

Uitgegee deur / Published by:  
Die Reformatoriese Beweging van  
Suid-Afrika in samewerking met die  
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte /  
The Reformational Movement of  
Southern Africa in coordination with the  
Bureau for Scholarly Journals

●  
**WINTERUITGAWE – 2011**

**WINTER EDITION – 2011**

**Vol. 51 no. 416**

●  
REDAKTEUR /  
EDITOR

Bennie van der Walt

●  
ARTIKELREDAKTEURS /  
FEATURE EDITORS

Bennie van der Walt, Michael Heyns,  
Willemien du Plessis, Pieter Buys,  
Marlies Taljard, Jan Swanepoel

●  
MEDEWERKENDE REDAKTEURS /  
CONTRIBUTING EDITORS

Lourens du Plessis, Nic Olivier,  
Attie van Niekerk, Johan Snyman,  
Allan Munro, Amie van Wyk

●  
BUROHOOF & TEKSREDAKTEUR /  
HEAD OF BUREAU & TEXT EDITOR:

Susan Lourens

TEKSREDAKSIE / TEXT EDITING:

Anjonet Jordaan

Bertha Oberholzer

FINANSIES & ADMINISTRASIE /

FINANCE & ADMINISTRATION:

Erika Otto

●  
Redaksionele stukke en  
korrespondensie /

Editorial articles and correspondence:

**Woord en Daad / Word and Action**

Privaatsak / Private Bag X6001

POTCHEFSTROOM 2520

RSA

●  
Tel. (018) 299-4081

Faks/Fax 086 564 7983

E-pos / e-mail:

Susan.Lourens@nwu.ac.za

●  
FUNKSIONARISSE / OFFICIALS

Jan Swanepoel

(Voorsitter/Chairman REBSA / REMSA)

Amie van Wyk

(Visevoorsitter / Vice chairman

REBSA / REMSA)

●  
INTEKENGELD / SUBSCRIPTION:

RSA R85; Ander / Other \$50/€40

●  
*Gedruk deur / Printed by*

**IVYLINE Technologies,**

*Potchefstroom*

VOORBLAD – Erika Otto

BWT



## INHOUD

### HOOFARTIKEL

- 1 Lewende reformatoriese tradisie – is dit vandag nog moontlik?

**Redakteur**

### PRINSIPIËLE BESINNING / REFLECTION

- 6 Buiteregeregte doodslag: Ghaddafi en (internasionale) geregtigheid in die 21e eeu

**G. Kemp**

- 10 Public procurement, an underutilised instrument in combating climate change

**S.P. le R. de la Harpe**

### MENINGS EN INLIGTING / OPINIONS AND INFORMATION

- 13 Rio+: the fallacy of sustainable development

**C. Bocchino**

- 17 Die belangrikheid van voedselsekureit in Suid-Afrika

**H. van Schalkwyk & J. van der Merwe**

- 19 Neo-Calvinist organisations for farming, business, tourism and so forth

**R. Coletto**

- 25 Bybelse perspektiewe op lyding (1): God en menslike lyding

**B.J. van der Walt**

- 29 Julius “Juu” Malema se leierskapsrol binne die Suid-Afrikaanse politiek

**J.C.M. Venter**

### OPINIE / OPINION

- 33 Die onbehaaglikhede van ’n konserwatiewe liberale

**D.C. Coetsee**

### RESENSIES / REVIEWS

Resensies en boekaankondigings verskyn op p. 9, 12, 16, 24 & 36

Die menings in WOORD EN DAAD uitgespreek is dié van die outeurs en weerspieël nie noodwendig dié van die Redaksie nie.

Opinions, views and conclusions published in WORD AND ACTION are those of the authors and are not necessarily those of the Editorial Board.

## 'n Lewende reformatoriese tradisie – is dit vandag nog moontlik?

**V**ir baie mense (noem hulle maar progressiewes) beteken tradisie vandag dieselfde as die dood in die pot. Hulle dink en leef met hulle oë op die toekoms en hulle rûe op die verlede. Ander (die tradisionaliste) dink en lewe weer met hulle oë gerig op die verlede en hulle rûe op die toekoms. Hulle wil die horlosie van die geskiedenis tot stilstand bring of selfs probeer terugdraai. Tradisie beteken vir hulle ware lewe! Wat is die regte weg? Hierdie artikel verwerp sowel progressiwisme as konserwatisme deur aan te toon dat iets soos 'n lewende tradisie, ook vir reformatoriese gelowiges, nie 'n inherente kontradiksie behels nie.

### Die breë begrip *tradisie*

Tradisie is volgens 'n eenvoudige omskrywing daarvan dit wat op verskillende wyses (bv. deur woord, geskrif, voorbeeld en nog meer) van geslag tot geslag oorgedra word. Wat oorgedra word, kan ook baie insluit soos oorgelewerde gebruike, gevoelens, menings en beginsels. Tradisies kom ook op verskillende lewensterreine na vore, waaronder kerklike, politieke, kulturele, landboukundige, ontspannings- en sport-tradisies.

Tradisie is dus 'n breë, omvattende verskynsel, iets tipies van menswees. In hierdie hoofartikel beperk ek my tot 'n bepaalde geloofstradisie, naamlik die gereformeerde of reformatoriese as een van die belangrike tradisies binne die Christendom. Net soos enige ander feilbare tradisie kan ook die geloofstradisie goeie sowel as nadelige elemente bevat. Daarom moet gesê word waarom besinning hieroor juis vandag belangrik is; iets oor die verskillende fasette van 'n tradisie, naamlik interpretasies, vergestaltung en weergawe; dat tradisie altyd 'n mengsel van goed en kwaad is; die verskillende stappe in 'n mens se omgang met 'n tradisie om te sorg dat dit 'n lewende tradisie bly; die eie

identiteit van die reformatoriese of gereformeerde tradisie; en 'n Kierkegaardiaanse slotgedagte.

'n Hoogaangeskrewe skrywer oor die geskiedenis van die Christendom het 'n keer die volgende geskryf: "Tradition is the living faith of the dead, traditionalism is the dead faith of the living." Die belangrikste vraag wat dus hier beantwoord moet word, is hoe die eeue oue gereformeerde tradisie in ons land vandag nog 'n lewende tradisie kan wees – of is dit 'n droom waarvan ons maar vir goed kan vergeet?

### Waarom besinning nodig is

Dit sal nie vir my nodig wees om lesers daarvan te oortuig dat die gereformeerde godsdienstige tradisie op die oomblik nie 'n springgety of bloeiperiode beleef nie. Die lidmaatgetalle van die drie (ten minste blanke) gereformeerde kerke daal jaarliks verder. Die impak van hierdie tipe geloof op die samelewing word al minder. Sekularisme neem hand oor hand toe – terwyl geglo is dat die gereformeerde tipe geloof (re)formatiewe krag besit.

Sommige navorsers is selfs van mening dat die gereformeerde geloof – ten minste onder die blanke segment van die Suid-Afrikaanse bevolking – juis as gevolg van die feit dat dit hoofsaaklik 'n blanke, Afrikaanssprekende, manlik-gedomineerde subkultuur is – se dae getel is. Baie jongmense bevraagteken die huidige waarde van hierdie tradisie.

Hoewel 'n verskeidenheid oorsake vir hierdie agteruitgang genoem sou kon word, word hier slegs op een moontlikheid toegespits. Speel 'n verkeerde omgang met tradisie nie ook daarin 'n rol nie? Dit bring 'n mens by die vraag wat tradisie presies inhou of omvat.

### Drie kante van tradisie

Ek beperk my hier tot slegs drie fasette van enige tradisie, naamlik interpretasie, beleving en weergawe.

### 'n Lewensbeskoulike, rigtinggewende interpretasie

In die eerste plek behels enige geloofs-tradisie 'n interpretasie van sowel ons omgewing asook die rigting van ons bestaan. 'n Mens sou hierdie twee kante ook kon stel as 'n verstaan van wat *is* en wat *behoort*, van wie ekself is en hoe ek moet lewe. By hierdie interpretasie speel enige mens se religieuse oortuigings (ook dié van nie-Christene) 'n belangrike rol. In die geval van sekere gelowe word vir die waarheid en betroubaarheid van die geloof 'n beroep gedoen op heilige, gesagvolle geskrifte (openbarings van buite).

In die reformatoriese tradisie word hierdie interpretasie van die werklikheid en die koers daarvan 'n mens se lewensvisie genoem, die kern van 'n hele tradisie. So 'n lewensvisie verbreed en verdiep 'n mens se geloofsoorgawe. Die twee kante daarvan laat jou die hele werklikheid sien, maar bied ook normatiewe riglyne vir hoe jy in die wêreld moet lewe.

### Konkrete uitdrukking

In die tweede plek moet so 'n visie ook werklikheid word. Indien dit nie beleef en uitgeleef word nie, maar slegs iets abstrak-dogmaties bly, is dit van weinig waarde.

Heel moontlik is dit op hierdie vlak waar die gereformeerde tradisie vandag te kort skiet. Eintlik word die eeue oue reformatoriese tradisie gekenmerk deur 'n sterk intellektualistiese inslag. Kennis, kategismus, belydenisskrifte en dogmas het – tot onlangs nog – daarin 'n belangrike rol gespeel. Ervaring, beleving en emosies is nie as ewe belangrik beskou nie en derhalwe verwaarloos. Ortodoksie (die regte leer) en nie ortopraksie (die regte lewe) nie, was die belangrikste.

### 'n Eerlike maar inspirerende verhaal

In die derde plek word enige tradisie gedra deur die weergawe daarvan of die verhaal wat dit (oor)vertel. Hoe het hierdie tradisie deur die geskiedenis geloop?

Vanselfsprekend sal die helde uit die verlede en hede daarin vooropstaan, omdat hulle vandag nog kan inspireer. Elke tradisie het egter ook sy skurke wat moet aantoon hoe 'n mens nie behoort te dink en te lewe nie. 'n Tradisie is in hierdie opsig negatief gebonde aan dit wat dit wil probeer bestry.

Ook in hierdie opsig ervaar gereformeerde tradisie-oordrag tans probleme. Vroeëre godsdienstige en politieke helde blyk vandag, by die herskryf van die geskiedenis, nie so onbesproke nie of ten minste nie vry van verkeerde oortuigings te gewees het nie. Calvyn het die verbranding van Servet goedgekeur en die vervolging van die Anabaptiste nie beveg nie. Ons voorouers het slawerny en kolonialistiese uitbuiting goedgekeur. Onlangs nog hoor ek die verhaal hoe president Paul Kruger grond, wat aan swart mense in die Tlokwe-omgewing behoort het, "geruil" het vir blyplek by Gaborone (die huidige Botswana), sodat ons vandag ook 'n Tlokwe ver noord van Potchefstroom het. Totius het byvoorbeeld die apartheidsideologie met die Bybel probeer regverdig. Omgekeerd blyk dit dat mense wat deur vroeëre gereformeerde tradisiebouers verag en verguis is glad nie so sleg was nie – hulle kan selfs die nuwe helde word.

Eenvoudig gestel: die probleem is hoe die verhaal van die gereformeerde tradisie vandag onpartydig en eerlik vertel moet word. Waar kry die jongere generasie historiese rolmodelle wat hulle kan inspireer? Twee uiterstes maak dit moeilik om die ideaal te bereik.

In ons hedendaagse sameleving, gedryf deur 'n vooruitgangsgeloof, is geskiedenis en tradisie aan die een kant nie meer hoog aangeskrewe nie. Iemand het 'n keer moedeloos geskryf: Al wat die mensdom uit die geskiedenis leer, is dat hulle totaal niks daaruit leer nie! Aan die ander kant word aan die tradisie ook nie 'n guns bewys deur – soos sommige konserwatiste – op

onbelangrike, nie-essensiële fasette van die tradisie te hamer en die wesenlike daarvan te vergeet nie.

Die storie van 'n bepaalde tradisie mag nie verdraai word deur dit óf op te hemel, óf sekere dele daarvan weg te laat of te ignoreer en so al minder oor die tradisie as sodanig te vertel nie. Omdat die verhaal 'n wesenlike deel van 'n tradisie is en ook 'n onontbeerlike manier om dit lewend te hou en aan 'n nuwe geslag oor te dra, moet dit steeds weer opnuut vertel word – eerlik en entoesiasies. Indien nie, begin die tradisie sy unieke identiteit en besondere krag verloor.

### 'n Mengsel van goed en kwaad

Omdat alle mense in sonde gevalle wens is en omdat ook die gereformeerde tradisie die resultaat van die werk van feilbare mense is, mag 'n mens dit nie verafgod en jou daardeur laat verslaaf nie. Terselfdertyd is dit ook nie honderd persent verkeerd, sodat 'n mens dit as nutteloos in die asblik kan gooi nie. Die reformatories-Christelike tradisie getuig by alle gebreke terselfdertyd ook van goddelike genade en menslike geloof.

Hierdie gemengde karakter van die hele lewe moet ook 'n mens se houding teenoor jou eie tradisie bepaal. Dit impliseer 'n veel moeiliker standpuntinname as om eenvoudig óf tradisioneel óf progressief te dink en te leef, om te kies tussen ortodoks en liberaal, verkramp en verlig. Althoe hierdie tendense (met 'n klein middelgroep daartussen) word vandag duidelik onder gereformeerdes aangetref. Dit het al tot kerkskeurings gelei en sal dalk nog tot meer aanleiding gee.

Daar moet 'n belangriker maatstaf wees wat uitgaan bo al hierdie oppervlakkige teenstellings. Voordat ons egter by so 'n normatiewe riglyn kom, eers iets oor hoe gereformeerde en ander gelowige Christene in die praktyk met hulle oorgeëfde tradisie behoort om te gaan.

### Drie stappe in die omgaan met 'n tradisie

Tradisionalisme beteken in werklikheid – net soos die verwerping van 'n tradisie – 'n dooie tradisie. Die kernvraag is dus hoe 'n mens met jou tradisie kan omgaan om sy afsterwe te voorkom en om dit lewendig en inspirerend te hou. Drie byna ooglopende stappe is openheid, kritiek en verbreding. Hulle kan van mekaar onderskei word, maar nie geskei word nie.

#### Openheid vir die vormende invloed daarvan

Myns insiens is die regte houding teenoor enige tradisie om dit eers toe te laat om jou te voed, te leer of te onderrig. Hierdie onderrig vind, soos hierbo aangetoon, op drie vlakke plaas, naamlik dié van lewensvisie, lewensstyl en lewensverhaal. Paul Kruger sou eenmaal die volgende advies gegee het: Soek wat mooi en reg is in die geskiedenis (van jou tradisie) en bou daarop jou toekoms. Alleen dan kan jy ook met oortuiging 'n tradisie verwerp. Sonder openheid om dit toe te laat om jou te vorm, kan 'n mens in elk geval nie die tweede stap neem nie.

#### Liefdevolle kritiek

'n Tweede stap is kritiek – liefdevolle kritiek, maar nogtans kritiek.

Hierdie kritiek kan geformuleer word na aanleiding van die drie reeds genoemde fasette van 'n tradisie. Bied die lewensbeskoulike kante daarvan 'n korrekte en relevante interpretasie van die werklikheid aan en dui dit 'n duidelike koers vir vandag aan? Vind dit konkrete uitdrukking in 'n eie lewensstyl of faal dit dalk daarin om die visie uit te leef en bly dit net by mooi woorde? Word die verhaal van die tradisie wel eerlik vertel, maar nogtans op so 'n wyse dat dit gelowiges van die 21e eeu raak, inspireer en motiveer?

#### Kreatiewe uitbouing

'n Derde, logiese stap is dié van kreatiewe verbreding of verruiming en toepassing. Binne die gereformeerde tradisie is die uitdrukking dat 'n gereformeerde kerk voortdurend moet reformeer (*ecclesia reformata*

*ta semper reformanda est*) – anders volg onherroeplike deformasie – reeds vanaf die sestiende eeu goed bekend. Die vraag is egter of dit nie net 'n mooi slagkreet geword het nie.

Dit kan maklik gebeur, want dit is moeilik om te reformeer – dalk vandag moeiliker as gedurende die sestiende eeu. Om te reformeer beteken om bereid te wees om soms selfs (negatief) eers – 'n verkeerde tradisie – tot op die fundamente af te breek voordat (positief) opnuut gebou kan word. Euwels soos rassisme en seksisme kan nie hervorm word nie, maar moet in die lig van die Skrif verwerp word.

Die mens is véél meer as net verstand (hoof), hart en hande. Die vraag kan egter gestel word of ons tradisionele klem op die verstand nie tot armoedige, onbewoë harte en slap onwillige hande gelei het nie. God se fundamentele gebod vir die hart is sy liefdesgebod en nie allerlei gebruike, gewoontes of oortuigings nie. Diep daarbinne moet ook hartgrondige bekering plaasvind. Die toetssteen vir die egtheid van sodanige ommekeer is of dit sigbaar is in die handewerk van elke dag – wat dit ook al mag behels. Dan is geloof nie bloot iets wat 'n mens intellektueel aanvaar of een van baie mooi deugde nie, dit word dié dryfkrag in jou lewe – 'n krag wat deur liefde gedryf word en aan hoop gestalte gee.

### 'n Lewende tradisie

Veel meer besinning en harde werk as alleen hierdie drie stappe sal nodig wees om te waak teen versmoring deur 'n verstarde, geslote, dooie tradisie en om te verseker dat ook die reformatoriese tradisie 'n dinamiese, oop en lewende tradisie is en bly. Al klink lewende tradisie na 'n kontradiksie op sigself, is dit tog moontlik!

Die kenmerk van 'n lewende tradisie is dat dit terselfdertyd vernuwend kan wees en nogtans die eie identiteit behou. Dit bied die oplossing om aan die een kant die tradisie te beskou as 'n afgod wat jou in sy gevangenis toesluit. Aan die ander kant, om die tradisie te beskou as 'n museumstuk – net iets vir mense wat in oudhede belangstel en die tyd daarvoor kan af-

staan. Tradisie moet iets wees wat op sigself wel waarde het, maar nogtans bo sigself kan uitwys en uitgroei. Elke nuwe generasie behoort die tradisie – as dit lewend wil wees – anders of nuut te sien, te beleef en vir mekaar te vertel.

Wat is, ten slotte, die eie identiteit of unieke karakter van die reformatoriese lewensvisie wat te midde van die stryd tussen sogenaamd verlig en verkramp behoue behoort te bly?

### 'n Unieke identiteit

Daar bestaan by my, maar selfs by onpartydige buitstanders, nie twyfel dat die reformatoriese tradisie iets unieks in die hele tweeduisendjarige geskiedenis van die Christendom is nie. Dit probeer nie die wêreld ontvlug nie, want ten spyte van die sonde is dit God se wêreld. Dit probeer ook nie die wêreldse (sondige) akkommodeer nie. Soos die naam self sê, wil dit die sondige en verkeerde reformeer, die goeie herstel.

So 'n visie is uniek, omdat dit daarvan oortuig is dat die Christelike geloof 'n transformerende invloed op elke terrein van die lewe kan speel. Teenoor allerlei dualistiese pogings (van wêreldvermyding of -akkommodasie) stel dit 'n holistiese geloof voor. Christus is koning oor alles en alles moet geheilig word. 'n Mens kan dit dus "wêreldse heiligheid", of in Bybelse taal, "n wandel met God in hierdie wêreld" noem. Dit behels 'n wêreldomkerende vorm van die Christelike geloof – presies dit wat vandag nodig is.

Omdat elke tradisie 'n mengsel van goed en kwaad is, het 'n mens 'n normatiewe maatstaf nodig om ook hierdie tradisie te kan toets, sodat dit nie in die valse, oppervlakkige teëstelling tussen konserwatief en progressief vasval nie. Binne die reformatoriese tradisie is dit tereg gesoek in die Woord van God, sy Skrifopenbaring (vgl. die bekende slagspreuk: *sola Scriptura* = die Skrif alleen). Dit bied egter nog nie 'n finale oplossing in die stryd tussen konserwatief en progressief nie. Die praktyk bewys dat albei hierdie groepe hulle voorafingenome standpunte eenvoudig in die Skrif kan inlees (eisegese) en weer met

skynbare bybelse sanksie, daaruit lees (eksegese).

Indien 'n mens die Bybel in isolasie van God se skeppingsopenbaring en vleesgeworde openbaring (in Christus) lees, verval jy in biblisme, 'n oovra van die Skrif, en misbruik jy God se Woordopenbaring. Die Skrif is 'n lig waarby ons die skepping moet bestudeer en nie iets waarin jy jou moet blindstaar of moet forseer om op feitlik alles antwoorde te gee nie. Dit is slegs 'n oriënterende kompas, die lig op jou pad, wat jou in hierdie donker wêreld moet help om antwoorde in God se skepping te vind. Verder is Christus God se finale openbaring. Hy het na die aarde gekom om vir ons vóór te leef wat dit beteken om weer voluit, waarlik mens te wees en nie primêr 'n kerklidmaat of selfs Christen nie.

Die normatiewe riglyn moet dus God se volledig drievoudige openbaring wees. As reformatoriese Christen dink en leef 'n mens dus nie óf met jou rug op die toekoms óf met jou rug op die verlede nie. Nóg die verlede, nóg die hede bepaal jou koers. Jy wandel in die lig van God se volledige openbaring aan sy hand deur die verlede, in die hede op pad na 'n seker toekoms.

### Oorgangsjare of mak ganse?

Ten slotte die vraag of elke tradisie nie maar net vir 'n tyd lewend kan bly nie. Verloop dit nie maar net soos die menslike lewe nie? Eers die bruisende entoesiasme van kindwees en veral puberteit, dan die opwindende aktiwiteite en ontdekkingsgedurende die adolessensie. Daarna volg die

oorgang na volwassenheid, waarin al die vroeëre drome waar gemaak moet word. Uiteindelik is 'n mens oud en grys, en baie mense kan net op die verlede terugkyk en daarvoor droom of treur. Volg tradisie nie ook maar die patroon van opkoms, bloei, verval en ondergang nie?

Miskien is die storie waarin die Deense filosoof, Kierkegaard, die verhaal van die vervalle Lutherse Christendom van sy tyd vertel, hier gepas as slotoproep tot grondige selfondersoek. Dit lui soos volg:

'n Boer het 'n klomp makgemaakte ganse in 'n hok vetgevoer. Dit was tradisie dat die ou mannetjiesgans elke Sondag vir die ander ganse preek. Die preek het daarop neergekom dat die ganse weer soos vroeër toe hulle nog wildeganse was, moes begin om te leer vlieg – die oordeelsdag kom! In antwoord op sy preke het die wyfieganse eger net hulle hoofde instemmend gebuig. Niemand het lus gehad om onder sulke aangename omstandighede te begin oefen om weer uit die daaglikse roetine te kan vlieg nie. Toe Kersfees aanbreek, het die boer die hele klomp ganse geslag om op die mark te verkoop ... die oordeelsdag het aangebreek – veel gouer as wat die ganse dit verwag het.

**Bennie van der Walt**  
Redakteur

**WOORD & DAAD** op die internet! /  
**WORD & ACTION** on the internet!  
[http://www.journals.co.za/ej/ejour\\_woord.html](http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html)  
UserID en wagwoord kan aangevra word by:  
Erika.Otto@nwu.ac.za

# Buiterregtelike doodslag: Ghaddafi en (internasionale) geregtigheid in die 21<sup>e</sup> eeu

Gerhard Kemp

Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van Stellenbosch

## Dood van 'n diktator

**K**olonel Moeammar Ghaddafi, vir etlike dekades die leier van Libië, is op 21 Oktober 2011 naby Sirte in Libië ten aanskoue van 'n internasionale televisiegehoor doodgeskiet. Die skokkende tonele het geen twyfel gelaat nie: die era van Ghaddafi was verby en die opposisie-rebellemagte het (met die hulp van NAVO) die maandelange konflik in Libië gewen. Baie kan gesê word oor die oorsake en verloop van die konflik. Nog meer kan gesê word oor die kleurrike en dikwels bloedige bewind van Ghaddafi – 'n diktator wat sy eie mense onderdruk het en wat verantwoordelik was vir etlike internasionale terreurdade.

**Kolonel Moeammar Ghaddafi was 'n diktator wat sy eie mense onderdruk het en wat verantwoordelik was vir etlike internasionale terreurdade.**

Die kwessie wat in hierdie bydrae oorweeg word, is die vraag of dit regtens aanvaarbaar is dat Ghaddafi summier en ten aanskoue van die wêreld tereggestel is. Die antwoord op die vraag is nie net betekenisvol ten opsigte van die Ghaddafi-geval op sigself nie, maar handel oor 'n belangrike morele en regspraak.

## Die regskonteks: twee belangrike normatiewe raamwerke

Vir doeleindes van hierdie bydrae word bepaalde aannames rondom die feitelike omstandighede van Ghaddafi se dood ge-

maak. Dit word eerstens aanvaar dat Ghaddafi ten tye van sy dood steeds 'n leier was (ten minste van die gewapende magte van Libië wat steeds lojaal aan hom was). Tweedens word dit aanvaar dat Ghaddafi ten tye van sy dood gewond en ongewapen was. Derdens word aanvaar dat hy fisies in aanhouding was en dat die individue wat hom aangehou het (lede van die opposisie-rebelle) wel gewapen was en hulleself as lede en/of ondersteuners van die rebelle beskou het. Hierdie paar feite-aannames is belangrik vir die verdere bespreking. Alhoewel daar steeds geen sekerheid is oor wat presies gebeur het op die dag van Ghaddafi se dood nie, stem die meeste waarnemers saam dat die feite hierbo korrek is en inderdaad ook grootliks op film of op selfone in beelde vasgelê is.

Teen bogenoemde feitelike agtergrond is dit nodig om kortliks stil te staan by die twee belangrikste regsraamwerke wat vir ons doeleindes relevant is. Die eerste waarna gekyk moet word, is die vraag of Ghaddafi se teregstelling wettig was ingevolge die *internasionale humanitêre reg*. Die tweede aspek wat vervolgens kortliks behandel word, is watter betekenis en impak die dood van Ghaddafi vir die *internasionale strafregpleging* inhou.

**Was Ghaddafi se teregstelling wettig ingevolge die internasionale humanitêre reg? Watter betekenis en impak hou die dood van Ghaddafi vir internasionale strafregpleging in?**

## Internasionale humanitêre reg

Internasionale humanitêre reg is die versameling regsreëls wat poog om die wreedheid, ontbering en lyding kenmerkend aan oorlogsvoering sover moontlik te versag. Internasionale humanitêre reg verbied nie oorlog nie; trouens, dit het ontwikkel rondom die aanname dat oorlog en gewapende konflik deel van die menslike kondisie is, en dat dit dus onrealisties en waarskynlik onhaalbaar is om dit byvoorbeeld as 'n internasionale misdad te verklaar om lede van die vyandige militêre magte tydens die gewapende konflik om die lewe te bring. Wat internasionale humanitêre reg (en hier word veral aan die vernaamste kodes op hierdie gebied gedink, naamlik die Geneefse Konvensies van 1949 en die Twee Protokolle van 1977) daarstel, is 'n normatiewe raamwerk waartoe feitlik alle state vandag verbind is. Dit behels dat sekere groepe persone tydens 'n gewapende konflik (internasionaal tussen twee of meer state, of intern soos in die geval van 'n burgeroorlog) spesiale beskerming moet kry. Hier word veral gedink aan ongewapende burgerlikes, gewonde en siek soldate wat nie meer aktief aan die konflik deelneem nie, en krygsgevangenes. Indien die reëls van internasionale humanitêre reg oortree word, kan dit in sekere gevalle op oorlogsmisdade neerkom.

## Die dood van Ghaddafi en internasionale humanitêre reg

Die komplekse (en soms verwarrende) politieke bestel in Ghaddafi se Libië is dikwels deur Ghaddafi self (op tipies eksentrieke wyse) as argument voorgehou dat hy nie werklik die staatshoof en opperbevelhebber van die gewapende magte van Libië was, soos 'n mens dit normaalweg ten opsigte van ander state sou beskou nie. Vir doeleindes van die internasionale reg kan egter sonder voorbehoud aanvaar word dat Ghaddafi inderdaad nie net die staatshoof van Libië was nie, maar beslis ook die (absolute) opperbevelhebber van die gewapende magte. Die militêre magte van Libië het sy bevel gehoorzaam. Selfs tydens die revolusie van 2011 het die lojalistiese magte Ghaddafi se bevel (insluitend bevel om burgerlikes te dood) sonder teenspraak gehoorzaam. Dit bring 'n

mens by die eerste relevante beginsel van internasionale humanitêre reg. As opperbevelvoerder van die gewapende magte was Ghaddafi 'n legitieme teiken tydens die konflik van 2011, mits hy ook aktief deelgeneem het aan die gewapende stryd. Prakties sou dit beteken dat indien Ghaddafi gewapen was en hom op die dag van sy dood teëgesit het, daar 'n saak voor uit te maak is dat sy teregstelling geregtig kon word uit 'n internasionale humanitêre regsperspektief. Die vraag of dit wys of geregtig sou wees uit 'n internasionale strafregsperspektief word hierna behandel.

**Indien die reëls van internasionale humanitêre reg oortree word, kan dit in sekere gevalle op oorlogsmisdade neerkom.**

Die bondige uiteensetting van feite hierbo spreek egter téén die konklusie dat Ghaddafi as opperbevelvoerder van die Libiese gewapende magte (in elk geval die wat nog aan hom lojaal was) van hom 'n legitieme teiken gemaak het. Hy was gewond, ongewapen, en reeds deur die opposisiemagte gevange geneem. Een van die beginsels van humanitêre reg, naamlik om genade aan 'n gewonde vyand te betoon, is klaarblyklik in die geval van Ghaddafi verontagsaam. Hetsy die Libiese konflik as 'n internasionale konflik, of as 'n interne konflik geklassifiseer word, die minimum beskerming wat deur die Geneefse Konvensies gebied word, moes in Ghaddafi se geval gegeld het. Sy teregstelling aan die hand van (sover bekend) 'n lid of ondersteuner van die opposisiemagte (d.w.s. 'n party tot die konflik) lyk dus op die oog af in stryd met die toepaslike reëls van die internasionale humanitêre reg.

## Internasionale strafreg

Ten tye van sy dood was daar 'n aktiewe lasbrief, uitgereik deur die Internasionale Strafhof in Den Haag, Nederland, op Ghaddafi en 'n paar ander senior lede van sy regime van krag. Ingevolge die lasbrief moes Ghaddafi en die ander (waaronder sy seun Saif al Islam Ghaddafi) teregstaan



op aanklagte van misdade teen die mensdom, gepleeg tydens die bloedige onderdrukking van die opstande in Libië vroeg in 2011. Dit was duidelik uit sy retoriek en optrede dat Ghaddafi nie die jurisdiksie van die Internasionale Strafhof erken het nie, en in elk geval ook nie sy samewerking met die Hof sou gee of vrywillig na Den Haag sou gaan nie.

Die Internasionale Strafhof het jurisdiksie om individue wat daarvan aangekla word dat hulle oorlogsmisdade, misdade teen die mensdom en volksmoord gepleeg het, te verhoor. Normaalweg kan die Hof slegs sake aanhoor waarby individue betrokke is wat burgers is van state wat ook party is tot die Rome Statuut van die Internasionale Strafhof. Die Hof is ook bedoel om slegs in te tree wanneer 'n land met jurisdiksie oor die betrokke geval weier, of nie in staat is, om die misdade te verhoor nie. In die geval van Libië is die aangeleentheid deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies na die Internasionale Strafhof verwys, wat die Hof dus outomaties jurisdiksie gegee het, ongeag die feit dat Libië nie 'n party was tot die Rome Statuut nie.

**Die Internasionale Strafhof het jurisdiksie om individue wat daarvan aangekla word dat hulle oorlogsmisdade, misdade teen die mensdom en volksmoord gepleeg het, te verhoor.**

Een van die uitstaande kenmerke van die ontwikkelende internasionale strafregstelsel is die feit dat die Internasionale Strafhof nie 'n eie polisiemag het wat byvoorbeeld 'n lasbrief kan uitvoer en iemand soos Ghaddafi in hegtenis neem nie. Die Hof is absoluut afhanklik van die samewerking van state, en soms van internasionale alliansies soos NAVO, om individue in hegtenis te neem en aan die Hof te oorhandig. In die geval van Ghaddafi (en die ander beskuldigdes saam met hom) was die verwagting dat hy, indien hy lewendig in hegtenis geneem word, aan die Internasionale Strafhof oorhandig sou word.

Waarnemers was dit eens dat dit onwenslik sou wees om Ghaddafi in Libië te verhoor. Die politieke onstabiele en wesenlike risiko dat Ghaddafi nie 'n billike verhoor sou kry nie, het 'n verhoor in Den Haag veel meer aantreklik gemaak as 'n potensieel chaotiese (skyn) verhoor in Libië.

**Die individu of individue wat Ghaddafi summier doodgemaak het, het nie net die reëls van die internasionale humanitêre reg verbreek nie, maar het ook die ontwikkeling van die internasionale strafreg 'n terugslag besorg.**

'n Verhoor in Den Haag sou ook in pas wees met die beginsel wat in Nuremberg na afloop van die Tweede Wêreldoorlog gevestig is, naamlik dat selfs diktators en individue wat grootskaalse wrede en misdade teen die mensdom gepleeg het, 'n billike en openbare verhoor verdien. Dit is welbekend dat Josef Stalin voorgestel het dat die Nazi-leierskap sonder verhoor tereggestel moes word en dat 'n verdere 50 000 tot 100 000 Duitse weermagoffisiere summier doodgeskiet moes word as kollektiewe straf vir Duitsland se misdade tydens die oorlog. Brittanje en veral Amerika het aangedring op 'n tribunaal om die Nazi's te verhoor. So is die moderne internasionale strafreg dan gebore – 'n stelsel geskoei op die ideale van die regstaat, regverdigheid, en strafregtelike aanspreeklikheid na 'n billike verhoor. Dit spreek vanself dat die dekades wat op die Nuremberg-verhore gevolg het nie altyd hierdie ideale sien seëvier het nie. Te dikwels moes geregtigheid en aanspreeklikheid die knie buig voor politieke gerieflikheid. Die aanvang van die negentigerjare van die vorige eeu het 'n belangrike wending gebring met die tribunale van Joego-Slawië en Rwanda wat weer die ou beginsels van Nuremberg laat herleef het. Vandag is die Internasionale Strafhof 'n lewende simbool van die nalatenskap van Nuremberg. Die verhoor van Ghaddafi vir misdade teen die mensdom sou een van

die belangrikste sake voor die Internasionale Strafhof wees; simbolies van 'n internasionale orde wat nie net meer op brute magspolitië gebou is nie, maar wat (toenemend) ook leiers verantwoordelik hou vir hulle (wan)dade.

### 'n Jammerlike en ironiese verloop van gebeure

Die internasionale humanitêre reg (wat op *menslikheid* en *genade* geskoei is) en die internasionale strafreg (wat op *billikheid* en *regverdigheid* geskoei is) het met die dood van Ghaddafi albei 'n terugslag beleef. Die ironie is dat Ghaddafi sêlf klaarblyklik skuldig was aan oorlogsmisdade en misdade teen die mensdom. Hy sou waarskynlik sy vyande summier tereggestel het sonder verhoor of genade. 'n Beskaafde interna-

sionale regstelsel kan egter tog seker nie aan die laagste moontlike standaarde van diktators en vermeende oorlogsmisdadigers gemeet word nie. Daar is mense wat beweer Ghaddafi het sy "verdiende loon" gekry. So 'n siening is egter strydig met die waardes onderliggend aan die moderne internasionale strafreg, waar straf deur 'n billike verhoor voorafgegaan word.

Die individu of individue wat Ghaddafi summier doodgemaak het, het nie net die reëls van die internasionale humanitêre reg verbreek nie, maar het die ontwikkeling van die internasionale strafreg 'n terugslag besorg.

**Kloppers, Hannes. 2009. Veldwagter!** Pretoria: Protea Boekhuis. 288 p.  
Prys: R140,00. ISBN: 978-1-86919-298-3.

**Resensent:** J.F. Kirsten  
Skool vir Sosiale & Owerheidstudies, Potchefstroomkampus,  
Noordwes-Universiteit

*Veldwagter!* is 'n aangename boek om te lees. Die leser "ontdek" talle verrassings wat hom/haar lank bybly. Deur die doen en late van die hoofkarakter, Harry Kirkman, kom die Krugerwildtuin van voor die Tweede Wêreldoorlog sterk op die voorgrond. 'n Mens besef duidelik hoe moeilik die praktyk van natuurbewaring in daardie vroeë jare van die wildtuin was en wat nie alles toe en sedertdien vermag is nie.

Om die ideaal van natuurbewaring in al sy fasette suksesvol uit te voer en die problematiek wat daarmee saamhang, doeltreffend te hanteer, verg groot toewyding en liefde vir die veld en sy bewoners. Daaroor draai die skrywer geen doekies om nie. Harry Kirkman is as vroeë veldwagter steeds 'n model wat aan die huidige en opkomende geslag veldwagters, natuurgidse en alle belanghebbendes in natuurbewaring voorgehou kan word.

Dit is interessant dat die natuurlesse wat die leser deur Harry Kirkman leer, vandag nog net so relevant is soos toentertyd: spoorsny, die gedrag van leeu, olifante en seekoeie, veldbrande, droogtes, die nat seisoen en die probleem van wildstropers. Daar is ook nog Harry se voortreflike verhoudings met sy (swart) ondergeskiktes en die naburige swart gemeenskappe op die wesgrens van die Kruger Park. Daarin is hy vir ons ook 'n waardige voorbeeld.

Die boek sal aanklank vind by 'n wye leserskorps, maar veral by diegene wat belangstel in natuurbewaring, die veldlewe en die avonture wat deel daarvan is. Die soms ietwat argaïese styl en formuleringswyses kan dalk vir sommige lesers steurend wees. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die eerste uitgawe van hierdie boek reeds in 1967 verskyn het. Die historiese konteks van die jare van 1930 tot 1950 word ook weerspieël.

Die leser sit die boek uiteindelik neer met 'n gevoel van nostalgie en 'n mymering oor "die goeie ou tyd". Die swaar belewing van aftrede – om 'n beroep te laat vaar waarvoor jy 'n passie gehad het – staan ten slotte prominent uit. Ook ten opsigte daarvan is baie te leer by Harry Kirkman!

# Public procurement, an underutilised instrument in combating climate change

S.P. le R. de la Harpe

Faculty of Law, Potchefstroom Campus, North-West University

## Introduction

**M**an's activity of procurement is one of those that has a profound impact on the world's natural resources. All procurement, from that of basic necessities like food and shelter to luxuries like private airplanes and ocean going yachts, have an influence on the world's natural resources and ultimately on its climate. Procurement would, therefore, be a good starting point to address climate change.

One of the major role players in procurement is the state as it needs to procure goods and services from private industry to fulfil its obligations towards its citizens. Procurement by the state is very varied and includes goods like food, water, pen and paper, coal for electricity, land for redistribution and high technology equipment like war planes, missiles and the like, to name but a few. Procurement, however, is not always fully utilised as an instrument to address the problems of climate change.

**All procurement have an influence on the world's natural resources and ultimately on its climate.**

## The extent of public procurement

According to the World Trade Organisation (WTO), public procurement comprises between 10% and 15% of the gross domestic product (GDP) of most countries. In developing countries it comprises up to 20% of the GDP. In 2010 the GDP of the world amounted to 63 billion US dollars. In South Africa it is estimated that public procure-

ment amounted to 363 thousand million US dollars in 2010. From a financial perspective public procurement is therefore a powerful instrument to influence suppliers who bid for state contracts.

## Methods to address environmental issues in public procurement

There are broadly speaking three methods through which environmental goals can be achieved through public procurement. They do overlap and cannot always be separated.

- The first and foremost is a matter of policy to plan for the procurement of environmental friendly goods and services.
- The second is to prescribe pertinent environmental criteria. This can relate to criteria regarding the suppliers themselves, the products or services to be procured, and the process and production methods utilised for such products or services.
- Lastly, it is possible to pursue broad environmental goals, which is not directly connected to the subject matter of the procurement. This can be done by allowing some form of preference in the allocation of contracts.

## Planning for the procurement of environmental friendly goods and services

What is needed is a concerted effort by government to plan for the procurement of more environmentally friendly goods and services. The effect of the goods and services procured on climate change need to

be specific criteria when deciding on any procurement.

**Environmental criteria for planning can relate to the supplier, the product or service itself or the process and production method to be employed by the supplier.**

The most obvious point of such planning would be to start with large projects that have a serious influence on the environment. This will include, for instance, planning for greener ways to produce electric power rather than just falling back on coal to produce electricity. When infrastructure like buildings are needed environmental criteria applicable to the provision of such infrastructure must already in the planning phase be decided on. Such planning will require a new attitude in government towards procurement as all procurement will have to be planned with the environment in mind. This will not happen without a concerted effort by people both in and outside of government.

### Environmental criteria

Environmental criteria can relate to the supplier, the product or service itself or to the process and production method to be employed by the supplier. In the case of green procurement, because it is to date not widely applied in public procurement in South Africa, it will be essential to ensure that clear and detailed criteria are prescribed. Transparency will have to be ensured at all stages of the procurement process. This entails in particular that the following information be easily accessible and timeously available:

- *Proper, detailed and correct criteria with regard to the goods or services to be procured.* Although technical specifications can be used, performance-based definitions are preferable.
- *Clear evaluation criteria applicable to the selection of the successful tenderer.* It should focus on the ability to perform

the contract and can relate to technical capacity.

- *Clear award criteria.* This must be specific and objectively quantifiable and have a link with the subject matter of the procurement.

It falls within the discretion of the organ of state to prescribe the criteria applicable to the goods or services to be procured. It will therefore be possible for the procuring agency to specify exactly what environmental criteria need to be complied with, with regard to the goods, services, suppliers and the production processes and methods.

### Preferential procurement

Countries all over the world use public procurement to achieve its socio economic goals. This is often done by allowing a margin of preference to tenderers that comply with criteria that further such goals. Preference will be for instance given to a tenderer who use labour intensive methods above one that uses less labour intensive methods if job creation need to be achieved. Similarly a margin of preference can be allowed to tenderers who use more environmentally friendly methods and products in fulfilling the tender. When such preference is given it must be kept in mind that one of the main objectives of public procurement is to obtain value for money. A balance will have to be achieved between the costs and the environmental objectives.

### Conclusion

Under the South African public procurement regime it is in principle possible to pursue green public procurement. National treasury can issue regulations relating to green procurement and/or individual organs of state can include it in their procurement policies. It is, therefore, possible, either through regulations or procurement policies by individual organs of state, to plan for green procurement and to prescribe environmental criteria to which suppliers must adhere or which relate to the performance or specifications of the goods and services to be procured and the method of production and processing of such

goods and services. This must of course be done within the constitutional precepts of fairness, equitability, transparency, competitiveness and cost effectiveness as laid down in section 217 of the Constitution. No preference, however, may be given outside the provisions of the Preferential Procurement Policy Framework Act. At present this Act does not provide for allowing a margin of preference on environmental grounds. Preference is solely based on the objectives of Broad Based Black Economic Empowerment.

What is needed is someone in government to champion the cause. Outside of government citizens need to be more vocal and non-governmental organisations need to put more pressure on government to combat climate change through public procurement. Procurement is a strong weapon to combat climate change. This should not be limited to public procurement but a good starting point would be if Government, because of the monetary implications of its procurement, sets the example and leads the way.

**Smit, Johan. 2010. Jesus se raaisel-stories.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 116 p. Prys: R49,95. ISBN: 978-1-77000-837-3.

**Resensent:** Klasie Heystek  
Emeritus Gereformeerde Kerk Wapadrant

Christus het baie gelykenisse vertel (Matt. 13:35) omdat 'n gelykenis soos 'n raaisel werk. Die hoorder of leser moet die *geheime deur* vind voordat die gelykenis (evangelie) sy skatte (koninkryk van God) oopvou. Mense hou van uitdagings. Jesus se gelykenisse is beknopte eietydse beelde of verhale wat die doel en realiteit van sy koms oopmaak.

Die beeld of verhaal soos deur Jesus vertel, versluier (omhul) eintlik die dieper betekenis (vgl. Jesus se verwysing na Jes. 6:9-10). Die *keruma* (boodskap) van die gelykenis is slegs te vind in Christus. So is die ontknoping van die gelykenisse alleen Christologies moontlik.

Die outeur verstaan die doel van Jesus se gelykenisse as 'n klop van God aan die deur van jou hart (p. 8). Dit is in die kol. Verder oordeel hy dat Jesus se gelykenisse drie elemente bevat (p. 9), naamlik dat elke gelykenis verras en boei; die uitdaging is om beeld/vertelling en werklikheid by mekaar uit te bring; en 'n beslissing word afgedwing: telkens moet vir of teen Christus en sy koninkryk gekies word (vgl. Joh. 9:39).

Deur die jare het heelwat publikasies oor die gelykenisse van Jesus verskyn. Smit verwys daarna (p. 115). Hierdie boeke verklaar die gelykenisse breedvoerig met eietydse toepassings – vergelyk onder andere werke van Schippers, Thielich, Groenewalt en Malan.

Smit se weergawe kom as 'n Bybelstudiegids. Kernvrae word deurlopend gestel en genoegsame spasies is geskep om die boek as *antwoordboek* te benut. 'n *Scopus* (kernverkon-diging) word by elke gelykenis gekies en as vertrekpunt (opskrifte by gelykenisse) gebruik. Onnodige woorde en gedagtes is afwesig. Trouens, soms is die verduideliking van die gelykenis effens te skraal en is addisionele toeligting nodig. Juis hierdie aspek sal bespreking in 'n groep ontlok. Die strategie om eers die vraag te vra, en dan die antwoord te gee, is sinvol, want so is eie antwoorde toetsbaar.

Sestien van Jesus se bekendste gelykenisse word in twintig afdelings behandel. Die formulering is so helder dat hierdie gids selfs met groot vrug vir hoërskoolleerders benut kan word. Daarby is dit met heerlike humor in byderwetse segswyses geskryf. Die leser moet eenvoudig saamlag oor God se humor en genade!

Die skrywer erken en handhaaf die Bybel as die Woord van God. So is ook die uitleg en toepassings raak en betroubaar. Graag beveel ek hierdie boek aan vir enigeen wat in enkele sinne wil weet wat Jesus met sy gelykenisse bedoel het en wat dit van ons vra.

# Rio+ : the fallacy of sustainable development

C. Bocchino

Faculty of Law, Potchefstroom Campus, North-West University

Skool vir Filosofie, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

**E**rvaring leer 'n mens dat jy minder vrae het wanneer dit goed gaan. Wanneer teleurstellings, swaarkry, lyding en roumart jou egter tref, word die vrae gou vermenigvuldig. Dit is merkwaardig, want dikwels kan die skynbaar goeie tye in 'n mens se lewe veel groter gevare inhou.

## Die veelvuldige gestaltes van lyding

Die kwaad van lyding kan soveel gestaltes aanneem as wat daar fasette van menswees is. Lyding kan byvoorbeeld nie net tot hongerpyn of biologiese siektes beperk word nie. 'n Mens kan emosionele pyn of depressie ervaar; pyngedagtes kan jou teister; jy kan sosiaal vereensaam wees; onreg en veragting verduur; 'n ekonomiese ramp kan jou tref en nog baie meer. Lyding is ook nie beperk tot iets wat 'n mens net aan jou eie lyf voel nie. Werklike medelye met jou man/vrou/kind/ familielid/landgenote impliseer ook diepe hartseer. Al hierdie en ander vorms van ellende word in hierdie artikel afwisselend met die woorde *kwaad* of *lyding* aangedui.

In die lig van wat later sal blyk, is dit gewens om vooraf 'n onderskeid te probeer maak tussen kwaad en lyding. Hoe naby die twee aan mekaar staan, blyk daaruit dat die kwade gewoonlik geassosieer word met dit wat verkeerd, sleg of skadelik is, terwyl lyding verbind word aan smart, ellende en pyn. Tog is daar 'n belangrike verskil.

Die oorsaak van allerlei kwaad is die ongehoorsaamheid van die eerste mens aan God se gebod. As gevolg daarvan het die kwaad 'n kenmerk van alles in die skepping geword. Maar as gevolg van God se genade bly die goeie egter nog bestaan.

Die goed-kwaadbepaaldheid deurtrek dus alles tot binne elke mensehart en kan soms baie moeilik van mekaar geskei word. (Skynbaar goeie dinge kan in werklikheid uiters gevaarlik wees.)

Binne die Christelike geloof word die kwaad meestal as die oorsaak van allerlei soorte lyding beskou – lyding is die gevolg van die sondeval. Dit beteken egter nie dat daar altyd 'n regstreekse verband tussen 'n spesifieke sonde of oortreding van God se wet en 'n bepaalde soort lyding bestaan nie (vgl. Joh. 9:1-3). Bowendien is God nie net die bron van alle goed nie, maar Hy staan ook “bo” die kwaad en bly in beheer daarvan.

**Die kwaad van lyding kan soveel gestaltes aanneem as wat daar fasette van menswees is. Die oorsaak van allerlei kwaad is die ongehoorsaamheid van die eerste mens aan God se gebod. As gevolg daarvan het die kwaad 'n kenmerk van alles in die skepping geword.**

## Legio oorsake vir lyding

Net soos daar baie vorms van lyding bestaan, kan die oorsake daarvan ook heeltemal verskillend wees. Ten opsigte van die biologiese kan dit geneties oordraagbare defekte, vergiftiging, virusse, kwaadaardige kankers en nog meer wees. Daar is ook nog onheile van buite.

Hierdie artikel is egter beperk tot *geloofs*-lyding. Heel moontlik is dit die ergste soort lyding wat 'n mens kan tref. Dit impliseer basies teleurstelling in God, omdat dit lyk asof Hy te midde van 'n mens se swaarkry heeltemal afwesig is, of ongevoelig toekyk. Hierdie eerste artikel – oor 'n probleem so oud soos die mensheid self – handel dus ook wat God se “rol” in menslike lyding is. (Dit word dus aanvaar dat Hy wel bestaan en 'n plek in die menslike lewe het.)

Hoewel die goddelike en menslike kante nie van mekaar geskei kan word nie, word in 'n opvolgartikel gefokus op hoe 'n mens jou eie lyding behoort te verwerk.

Om die bybelse perspektief op die kwaad in al sy vorms duideliker in reliëf te kry, word eers enkele nie-bybelse antwoorde op hierdie kwelprobleem gegee.

Die geleerde term vir hierdie vraagstuk is *teodisee*. Dit beteken die regverdiging of verdediging van God se goedheid en almag teenoor die kwaad in die wêreld. (Die vraag kan natuurlik gestel word of dit nie taamlik voorbarig om as nietige mens God se optrede te probeer regverdig nie. Eerder die omgekeerde behoort te gebeur!)

Een filosoof stel die probleem soos volg: As God gewillig is om die kwaad te voorkom, maar nie daartoe in staat is nie, is Hy 'n magtelose God. Indien Hy wel daartoe in staat is (almagtig is), maar nie gewillig is nie, dan is Hy 'n boosaardige (d.w.s. geen goeie) God. Maar as Hy sowel almagtig as goed (regverdig) is, waar kom die bose dan vandaan?

### **Verkeerde beskouings oor die verhouding tussen God en lyding**

Daar bestaan drie beskouings oor die verhouding tussen God (of 'n godheid) en allerlei kwaad, waaronder verskillende soorte lyding. (Die beskouing dat die kwaad uitsluitlik in die hande van demoniese magte is asook die gedagte dat God nie by goed óf kwaad betrokke is (vgl. Sef. 1:12), word nie bespreek nie.)

### **Goed en kwaad gaan saam**

Die eerste standpunt is van mening dat die goeie en die kwade op een of ander manier harmonies saamgaan of saamval. Skematies kan dit voorgestel word as 'n sirkel wat in die middel verdeel is. Hierdie standpunt word soms ook as monisme aangedui. Die implikasie daarvan kan egter wees dat God (wat goed is) die *oor*-saak van die kwaad (ons lyding) sou wees.

### **Goed en kwaad is verskillend**

Die tweede verklaring word dualisme genoem. Daarvolgens word beweer dat die goeie (God) en die kwade twee afsonderlike en selfs teenoorgestelde kragte is. Skematies kan dit voorgestel word as twee sirkels langs mekaar. Waar die implikasie van die eerste visie is dat God die *skuld* vir die kwaad kry, kan die gevolg in die tweede geval wees dat God *magteloos* teenoor die kwaad sou staan.

### **Die goeie is afhanklik van die kwade**

'n Derde poging is om die kwaad slegs as 'n gebrek of tekort aan die goeie te beskou. Omgekeerd word ook geredeneer dat sonder die negatiewe dinge die positiewe nie moontlik is nie. In hierdie geval sou twee oorvleuelende sirkels as illustrasie kan dien. Die Bybel leer wel dat die kwaad op die goeie parasiteer, maar beslis nie die omgekeerde dat die goeie van die kwade afhanklik is nie.

**God openbaar Homself in sy Woord as Iemand wat van besluit kan verander, wat bewoë is en naby is aan veral diegene wat dit swaar het.**

Hoewel hierdie verklarings nie bybels is nie, worstel gelowige Christene dikwels met dieselfde probleme. Aan die een kant moet lyding tog 'n (finale) oorsaak hê. Indien God almagtig is, moet dit by Hom lê. Aan die ander kant, indien God se almag ontken word, bestaan daar vir die mens

geen laaste sekerheid meer nie: dan heers die noodlot.

Dit wil selfs lyk asof die Bybel ook nie uitsluitel oor die misterie van God se rol in ons lyding het nie. Vergelyk byvoorbeeld 1 Johannes 1:5 met Jesaja 45:7. Dit wil voorkom asof die eerste teks impliseer dat God niks met slegte dinge te make het nie, terwyl die tweede Skrifgedeelte dit juis beweer! Sonder om in detail hierop in te gaan, is die verklaring dalk dat Johannes sê daar is geen duisternis in God self nie, terwyl Jesaja op sy beurt wil beklemtoon dat daar ook geen duisternis (insluitende dié van lyding) *buite* God (se almag) is nie.

### 'n Verkeerde Godsidee

'n Kernprobleem is dat gelowiges dikwels nog onbewustelik 'n totaal verkeerde idee van God self het. Elemente daarvan kom selfs nog in sommige van ons belydenisskrifte voor. God sou hiervolgens 'n onbeweeglike, onveranderlike, onbewoë, onbetrokke, veraf wese wees. Navorsing het my egter oortuig dat so 'n beskouing van God totaal onbybels is. Dit het sy oorsprong in die antieke heidens-Griekse denke van die filosoof Aristoteles. Hierteenoor openbaar God homself in sy Woord as iemand wat van besluit kan verander, wat bewoë is, en naby is aan veral diegene wat dit swaar het.

**Al is God nie die oorsaak of bron van die slegte dinge in die lewe nie, distansieer Hy Homself nie daarvan in sy totale heerskappy oor alles nie.**

Ons mag nie (soos Aristoteles) God as 'n deterministiese "Eerste Oorsaak" van alles beskou nie. Selfs sonder enige filosofiese kennis behoort enige gelowige dit te weet bloot deur byvoorbeeld Paulus se loflied in die bekende Romeine 8:31-39 weer aandagtig te lees: Geen kwaad (lyding, benoudheid, vervolging, honger, naaktheid, gevaar, bose magte, selfs nie die dood – totaal niks in die skepping) kan ons van die liefde van God skei nie.

### Nader aan 'n bybelse visie

Saamgevat bring wat sover gevind is ons nader aan 'n meer bybelse visie op die kwaad. Dit kom kortliks daarop neer dat, al is God nie die *oorsaak of bron* van die slegte dinge in die lewe nie, Hy in sy totale *heerskappy* oor alles Homself nie daarvan *distansieer* nie.

Die slegte dinge kan nie aan God se heerskappy *toegeskryf* word nie (die monisme), maar kan ook nie as iets onafhankliks van God se heerskappy *onttrek* word nie (die dualisme). Monisme beteken die *ontheiliging* van 'n goeie God, en dualisme impliseer 'n *ontlediging* van sy almag. 'n Ontheiliging van God se Naam is 'n ernstige saak. Indien lyding buite God se almag staan, is Hy magteloos verklaar. Hy staan dan met leë hande teenoor Satan as oorwinnaar. Vir gelowiges kan dit geen troos bied nie. Vroeër is reeds genoem dat die goeie ook nie (negatief) van die kwaad afhanklik is nie (die derde oplossing). Die kwaad het die oorspronklik goeie skepping kom versteur. In die geval van al drie teorieë is óf protes daarteen, óf gelatenheid, passiewe aanvaarding en wanhoop al wat miskien vir die mens oorbly.

### Diagrammatiese verduideliking

Om hierdie bybelse visie op hartseer en lyding in die wêreld dalk nog duideliker te maak, kan dit ook met twee oorvleuelende sirkels voorgestel word. Die twee sirkels stel goed en kwaad voor. Hulle oorvleuel omdat in hierdie sondegevalle en terselfdertyd verlore skepping goed en kwaad vermeng voorkom en ons as mense nie altyd duidelik tussen hulle kan onderskei nie. Die twee hande wat ons onder die twee sirkels teken, dui egter daarop dat God wel wéét wat goed en kwaad is en dat Hy ook oor al twee beheer het. Duidelikheidshalwe sou 'n mens eintlik God *bo-kant* goed en kwaad moes aandui, omdat hierdie onderskeid alleen die sondegevalle skepping raak – God is alleen goed en verhewe bo die bose.

### Meer oor die bevrydende, bybelse visie

God hou sowel goed as kwaad in sy hande – die deurboorde hande van sy Seun aan die kruis.

### Twee kante van die saak

Ons mag God nie vir ons swaarkry en lyding verantwoordelik hou nie. Dit is die gevolg van Satan se verleiding en die mens se ongehoorsaamheid. Ons moet altyd aan sy *goedheid* bly vashou!

Terselfdertyd moet 'n mens egter ook aan God se onbepaalde *almag* bly glo. Al het Hy nie die kwaad geskep of gewil nie, val dit nogtans onder sy absolute soewereiniteit oor alles. Hy *skep* dus nie net lig nie, maar *gebruik* selfs die duisternis in sy plan met die mens en die wêreld. Hy realiseer die goeie *dwarsdeur* of *ten spyte van* lyding en chaos.

### Die wonderlike lig van die Skrif

Hierdie bybelse perspektief is ongelooflik: dit *ontken* nie hartseer, lyding en allerlei ander kwaad nie, maar *konfronteer* en *oorwin* dit met die goeie; dit vind nie *sonder God se wete* plaas nie; en Hy *gebruik* dit meestal, vir ons mense, op 'n onbegryplike, wonderlike wyse. Hy buig die kwaad om of transformeer dit uiteindelik ten goede – ook vir die (mede)lydendes (Rom. 8:28).

### Ondeurgrondelik en soms moeilik aanvaarbaar

Hoe presies Hy dit laat gebeur, is nie net onpeilbaar nie, maar ook nie altyd maklik om persoonlik te aanvaar nie. Dikwels sien 'n mens dit eers na 'n tyd duideliker raak. Die Woord van God is daarvoor egter eensins onduidelik nie. Jakobus 1:2-4 sê dat *beproeulings* 'n mens in staat stel om te

volhard; en dat *volharding* op sy beurt daartoe lei dat die geloof van God se kinders tot groter rypheid kom. Lyding skaaf, snoei en kap dus aan 'n mens, sodat hy/sy weer die beeld van Christus sal vertoon. Daarom kon Jakobus (1:2) selfs met die merkwaardige opdrag begin: "... julle moet *baie bly wees* wanneer allerlei beproewings oor julle kom ...".

**Lyding skaaf, snoei en kap aan 'n mens, sodat hy/sy weer die beeld van Christus sal vertoon.**

### Slegs in eenvoudige geloof moontlik

Omdat God geen mens is nie, sal geen mens sy optrede *redelik* kan verstaan nie, maar alleen *gelowig* moet aanvaar. Soos elders in die Skrif gestel, is sy gedagtes oneindig hoër as dié van die briljantste mens. Jesaja 45:9-11 waarsku nie verniet daarteen dat 'n nietige mens ('n potskerf) nie moet probeer om God (die Pottebakker) tot verantwoording te roep nie.

Die positiewe gevolgtrekking is dat God nie die *oorsaak* van die lyding is nie ('n antwoord op die bekende *waarom-vraag*), maar dat Hy ook nooit daarby *afwesig* is nie. Hy kan dit selfs ten goede gebruik ('n antwoord op die veel belangriker *waartoe-vraag*).

Daar bly nog steeds 'n belangrike faset oor. 'n Regte *beskouing oor God se rol* is, hoewel van die grootste belang, nog nie dieselfde as 'n *mens se eie verwerking* van die swaar van die kwaad nie. 'n Volgende artikel sal juis daarvoor handel.

# Julius “Juju” Malema se leierskapsrol binne die Suid-Afrikaanse politiek

J.C.M Venter

Skool vir Sosiale en Owerheidstudie  
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

In order to become the master, the politician poses as the servant.  
(Charles de Gaulle.)

“**S**kiet die boere, hulle is verkragters”, nasionalisering van myne en landbougrond en nou: “O le mene mene wena, Shower. Orekisitse Malema” – Jy is ’n verraaier, storkop [Zuma]. Jy het Malema uitverkoop”. Dit is ’n lied wat gesing is by die onlangse herverkiesing van een van Malema se bondgenote in die Limpopoprovinsie. So het Julius Malema, die gewese voorsitter van die ANC-Jeugliga (met weereens ’n appèl hangend teen die finale opskorting van sy ANCLidmaatskap) ’n bekende, belangrike en omstrede faktor geword in die Suid-Afrikaanse politiek.

**Julius Malema het ’n bekende, belangrike en omstrede faktor geword in die Suid-Afrikaanse politiek.**

Sommige bestempel hom as ’n rassis en diktator in afwagting, ander as ’n opportunist, ’n vlietende en korrupte politieke verskynsel. Vir ’n belangrike en groot groep is hy egter ’n artikuleerder van hulle belange, wat hulle glo nie deur die regering hanteer word nie. In hierdie artikel word die kontroversiële politikus gekontekstualiseer deur te verwys na sy leierskapstyl, die stryd tussen Zuma en Malema, die aard van Malema se magsbasis, ANC-alliansiepolitiek, die uitdagings vir die ANC en laastens Malema se impak op verskillende terreine.

## Die leierskapsrol van Julius Malema

In die binnekringe rondom Malema word baie dinge van hom gesê. Een ding is egter seker, ons kan maar sy skooluitslae vergeet: hy is ’n slim en dinamiese politieke leier wat deur sommige akademici as baie dapper beskryf word. Hy het tot redelik onlangs die binnegevegte van die ANC-, SAKP- en Cosatu-alliansie oorleef terwyl vele meerderes gesneuwel het. Hy het ’n besondere aanvoeling vir sy geskiedenis en dié van die ANC, wat hy ook op ’n besondere wyse tot sy voordeel aanwend. Die belangrikste is egter die feit dat hy ’n meester is van neo-patrimoniale netwerkpolitiek. Die netwerk wat hom ondersteun het (en hom miskien tans nog steun), was wyd verspreid en magtig. Ingesluit by die groep is Winnie Mandela; Toni Yengeni (Hoof van die politieke skool van die ANC); Tokyo Sexwale (Minister van Behuising wat bitter graag Staatspresident wil word); Mathews Phosa (Tesourier-Generaal van die ANC, wat ook graag President wil word); Fikile Mbalula (Minister van Sport); Bathabile Dlamini (Minister van Sosiale Ontwikkeling); Thandi Modise (Adjunk-Sekretaris-Generaal van die ANC); en Paul Mahitile (Minister van Kuns en Kultuur). “Binnebronne” is oortuig dat dit nie al name is wat werklik agter Malema skuil nie en ook dat sommige van die mense hierbo eintlik “dubbele agente” is wat byvoorbeeld meer anti-Zuma is as wat hulle pro-Malema is. Voorts is baie van die pro-Malemafaksie se monde nou vir eers gesnoer na die felheid van Zuma se reaksie teen Malema rugbaar geword het.

### Zuma vs Malema

Zuma se reaksie op Malema se persoonlike uitdagings was eerstens 'n lang maar dodelike interne proses waarna 'n eksterne proses kan volg. Die interne proses is dat Malema deur die ANC, volgens hulle prosedures, aangekla is. Zuma het Malema hiervoor genoeg tyd en tou gegee om homself goed te verstrengel deur 'n oormaat selfvertroue en uitlatings rondom regeringsverandering in Botswana, sy persoonlike opinie oor ANC-beleid en veral sy persoonlike opinie in stryd met ANC-beleid. Die aanvanklike sanksie sou die opskorting van Malema se lidmaatskap vir vyf jaar wees. Uiteindelik het die Nasionale Dissiplinêre Komitee (NDK) van die ANC in reaksie op Malema se appèl die volgende bevind:

Based on comrade Malema's own evidence the NDC finds that comrade Malema is, in effect, reneging on his membership oath and is not prepared to respect the ANC Constitution.

**Zuma se reaksie op Malema se persoonlike uitdagings was eerstens 'n lang maar dodelike interne proses waarna 'n eksterne proses kan volg.**

Verder is bevind dat Malema probeer om die ANC gyselaar te hou soos blyk uit sy uitlating dat "the real battle will start when the ANC will still have to persuade the youth".

In die oë van die NDK is Malema "onrehabiliteerbaar" aangesien hy uitdagend bly en ook geen verskoning vir sy optrede aanbied nie. Volgens die NDK is die orgaan se funksie "to balance the interest of the Respondent on the one hand and that of the ANC and its membership as an organization on the other hand".

Dit is dus in belang van die ANC en omdat Malema die grondwet van die ANC minag, asook die tugprosesse wat voorafgegaan het, dat hy uit die ANC geskors word. Malema kan weer hierteen appelleer na nog hoër gesag. Dit is ook nie onmoontlik dat

die party sou wou wys dat hy graag sy dwalende kinders weer wil inneem nie. Malema sal egter dan moet wys dat hy sy weë wil verander. (Laasgenoemde is onwaarskynlik.) Dit lyk al hoe meer na 'n geval van die ANC teen Malema – net wat Zuma wou gehad het.

Nou is die pad gebaan vir die eksterne proses, naamlik die Valke, SARS, verskillende takke van die intelligensiedienste, misdaadinligting van die polisie, lede van die opposisie binne die Jeugliga wat die aand van sy skorsing met 'n kartondoodskis na sy ouma se huis toe geloop het. Kort daarna was daar 'n minigevegie voor die huis. Harde politiek of anargie? In elk geval, Malema is nou 'n makliker teiken en sy politieke toekoms lyk duister. Net makliker, nie maklik nie.

The provincial leaderships of Eastern Cape, Gauteng, Free State, Mpumalanga and Western Cape have pledged their 'unwavering support' to Malema and have held emergency meetings to get their campaign started.

Teen 1 Maart was dit reeds duidelik dat massa-aksie deur die provinsies beplan word om te beklemtoon dat dit wat met Malema gebeur het, nie reg was nie. Reëlins word getref om Malema en ander leiers deur die land te laat reis om steun te organiseer en om optredes buite Luthuli-huis te hou binne dertien dae en/of op die dag van die uitspraak van Malema se volgende appèl.

If you think the chaos at Luthuli House last year was big, then wait and see what lies ahead ...

**Malema is onbeskaamd populisties. Hy mobiliseer mense deur alternatiewe oplossings te stel vir dit wat geteken word as die regering se onvermoë om ekonomies te kapitaliseer.**

## Populisme as magsbasis

Malema is onbeskaamd populisties. Die paragraaf hierbo spreek van die mobilisasie van die massa as magsbasis. Hierin lê “Juju” se waarde vir sy netwerk. Hy gryp die omstandighede en werklikhede van Suid-Afrika aan, naamlik dat Suid-Afrika van die grootste gapings tussen ryk en arm in die wêreld het. Hierrondom mobiliseer hy mense deur alternatiewe oplossings te stel vir dit wat as die regering (en veral die “ou ANC” van Zuma en die “ouer geslag”) se onvermoë om ekonomies op die 1994-“oorwinning” te kapitaliseer, geteken word. Hierdie redenasie ondersteun hy met die gebruik van die sterk voorbeeld van Nelson Mandela wat as Jeugligaleier in opstand gekom het teen die konserwatiewe, ouer leierskap van die ANC wat nie wou radikaliseer nie.

## Korrupte politici en onmin binne die Alliansie

Daar is verskeie klagtes van korrupsie teen Malema, wat die ou hande van die vryheidstryd woedend laat. Voorbeelde hiervan is sy lewensstyl wat nie met sy inkomste strook nie; sy vriendskap met Kenny Kunene, ’n miljoenêr wat graag sushi vanaf die lyf van halfkaal modelle eet; die feit dat verskeie van die genoemde Malema-ondersteuners besigheids- en ook uitgebreide mynboubelange het; en die feit dat nasionalisering die gefaalde Swart Bemagtigingsmaatskappye sal herkapitaliseer (met belastingbetalers se geld). Jeremy Cronin en Blade Nzimande van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party beskuldig die ANC-Jeugliga (lees Malema) dat hy die taal van die linkse politiek “steel” om die revolusie te kaap vir persoonlike en netwerkwin. Op 28 Julie 2011 tydens ’n toespraak voor Cosatu se Sentrale Komitee beskryf Nzimande die Jeugliga en veral Malema as

... frustrated personal accumulators and populist demagogues articulating a sense of anger and alienation particularly amongst the youth sector ...

Ook Zuma, gewese hoof van ANC-Intelligensie en dus ’n gerekende ANC-“operator”, het uiteindelik sy skepping, die mag-

tige Jeugliga en Malema (herbore in die stryd teen Mbeki) tot ’n mate van orde geroep. Dit is gedoen, nie omdat hy in die openbaar van Malema verskil het nie (die ideologie van die ANC eis ’n verandering in die ekonomiese orde in Suid-Afrika en die vakverbond Cosatu het al hulle steun vir nasionalisering uitgespreek), maar omdat Malema vir hom ’n politieke bedreiging geword het. Malema se absolute beheer oor die jeug, en dus die toekoms van die ANC, is net aanvaarbaar as dit tot voordeel is van die ANC, en meer spesifiek as dit tot voordeel is van die leier wanneer die verkiesing naderkom.

## Die ANC-kalender tot 2014: die opvolgdebat

Hierdie jaar is die ANC se honderdste bestaansjaar. Die eeufees bedek egter die onderlinge netwerkmaneuvering en bloedige gevegte in aanloop tot die ANC se Beleidskonferensie (onder andere oor Nasionalisering) en die 53e Nasionale Konferensie in Desember 2012. By die vorige Nasionale Konferensie is Mbeki as leier van die ANC verwyder en is hy ook kort daarna deur sy party uit die amp van Staatspresident “herroep”. Zuma het nou proaktief opgetree en dit lyk of hy ’n angel getrek het, maar die ANC is verdeeld. Sosialiste, Kommuniste, Kapitaliste, Swart Nasionaliste en ’n groterwordende groep Radikaliste met ’n relatief onbekende ideologie/strategie, die Nasionaal Demokratiese Revolusie, wat volgens baie nie vinnig genoeg ekonomiese transformasie bevorder nie, bewerk nie meer eengesindheid soos in die tagtiger- en negentigerjare nie. Teen hierdie agtergrond moet die ANC die komende Nasionale verkiesing van 2014 bestry in ’n omgewing waar die DA al hoe beter vaar en die ANC se drievoudige alliansievennote, die SAKP en Cosatu al hoe meer krities toekyk. Die ANC sal dus steun moet konsolideer op nasionale vlak.

## Die impak van Malema in die toekoms

Dit is duidelik dat Malema self glo dat hy nog nie “klaar” is nie. Hy wil homself sien en veral laat sien as ’n tweede Mandela. Die ANC-konferensies van 2012 sal onge-



twyfeld deur Malema beïnvloed word en as die invloed groot genoeg is, sal die 2014-verkiezing natuurlik ook beïnvloed word. Malema se agenda van “ekonomiese bevryding” en gepaardgaande beleid van nasionalisering sal implisiet en eksplisiet in verskillende forums tydens vanjaar se konferensies bespreek word. Die stryd met Zuma het ook veroorsaak dat Malema in persoon ’n agendapunt geword het – ’n simbool vir die arm, onvertegenwoordigde en uitgeslote massa. Nou het die ANC hom ook geskors en hulleself as ’n elite-party bewys. Vir Malema is dit dus *aluta continua* (die stryd gaan voort).

**Die ANC-konferensies van 2012 sal ongetwyfeld deur Malema beïnvloed word en as die invloed groot genoeg is, sal die 2014-verkiezing ook beïnvloed word.**

’n Volgende manier om na Malema se impak in die politieke omgewing te kyk, is ongetwyfeld sy radikaliserings van die politieke debat, veral rondom die ekonomie. Vanuit ’n Marxistiese perspektief (en Malema klee hom ook in dié gewaad) staan die besit van die boublokke van rykdom (grondbesit en die produksie-aktiwiteite wat aan die arbeiders behoort) asook die reg van ’n regstellende staat om van “die minderheid” (wat ’n onregverdigte wins maak) te vervreem en aan “die meerderheid” te gee, sentraal. Die beginsels is tans nog teen die Grondwet. Malema het egter die debat gereprioritiseer en dit is nou weer, soortgelyk aan die periode rondom 1994, nodig vir die regering om ernstig oor die saak te besin en verklarings te maak.

’n Deel van die debat en die wyse waarop Malema steun verwerf, is die vlamme, beledigende en opswepende retoriek wat deur hom en ander leiers (byvoorbeeld Andile Lungisa, die voorsitter van die National Youth Development Agency) ge-

bruik word. Woorde, frases, liedere en benamings is gemik op agitatie (á la Lenin) en aantygings dat ’n minderheid “moordenaars”, “verkragters”, en “diewe” is, staan in sterk kontras met die waardes van die 1994-reënboognasie, waar rekonsiliasie, volkskepping en eenheid in onder andere die Grondwet verwoord is. Sommige ANC-lede sê selfs dat dit strydig is met die veelrassige beginsels van die party.

### **’n Perspektief op Malema se leierskapstyl**

Malema se leierskapstyl is dié van ’n boelie-populis, waar die doel die middele heilig. Dit wil ook voorkom of hy aan die een kant ’n kampvegter is vir die armes as kwasi-Marxis en aan die ander kant die slegste gewoontes van die kapitaliste aangeleer het. Om te sê dat die politiek vol oneerlike politici is, is ten beste geen nuwe nuus nie. Dit wil ook lyk asof Malema se rol binne die Suid-Afrikaanse politiek nog nie uitgespeel is nie. In elk geval sal daar weer leiers soos hy na vore kom. Hierdie tipe leiers is, myns insiens, die gevaarlikste, omdat hulle sonder klaarblyklike ont-sag vir enige gevolge met ontvlambare menslike groepsemosie binne die politiek probeer woeker. Malema met sy eie belang en die ideologie waarop hy aanspraak maak, staan teenoor die Grondwet van ons land.

As Christene is dit ons plig om alle leiers aan die Hoogste Gesag te weeg en binne ons diverse omgewings tot verantwoording te roep. Dit is baie belangrik, sonder aansiens des persoons, dat die leiers van die volk weet dat hulle almal eendag sal rekenskap gee, nie voor mense nie, maar voor God. In elk geval moet alle Christene wat nie buig voor die postmoderne afgode van relativisme en humanistiese verdraagsaamheid nie, vrae vra oor ’n party en radikale politieke leiers (van alle partye) wat voorvaders aanbid, alle gode en godsdienste gelykstel en ideologieë aanhang wat godsdienste as hoogstens ’n politiek instrument sien.

## Die onbehaaglikhede van 'n konserwatiewe liberale

D.C. Coetsee  
Stompneusbaai

**A**s daar een spesie is met geen plek in die Suid-Afrikaanse samelewing nie, is dit die konserwatiewe liberale. Hulle is meestal Christene wat, soos Jesus gesê het, sy volgelingen geword, die waarheid leer ken het – en dit het hulle vrygemaak van baie dinge: selfbedrog, haat en vrees, vertroue in mense met hulle skemas en strategieë. Daarom is hulle liberale, vryes. Hulle vryheid is egter beperk, want *die waarheid* het hulle vrygemaak – en daarom bly hulle ingeperk: hulle moet binne die waarheid bly, dit konserveer. Hulle kan dus nie ongenueanseerd hulle gewig ingooi by populêre ideologieë, stromings of bewegings nie. Die waarheid het gewoonlik te veel kante.

Daar is 'n voordeel daarin om so 'n persoon te wees. Dit is uiters avontuurlik en gemaksones is daar nie. Jy pas by weinig plekke in en by nog minder groepe. Jy word van allerhande dinge beskuldig en verdink – en soms is jy skuldig en geregtig onder verdenking. In die ou bedeling was jy 'n liberalis, kommunist of "kafferboetie". In die nuwe Suid-Afrika is jy 'n rassist, apartheidsapologeet, kwaad oor verlore bevoorregting of verstok.

**In die nuwe Suid-Afrika is 'n konserwatiewe liberale 'n rassist, apartheidsapologeet, kwaad oor verlore bevoorregting of verstok.**

### Gebakte pere

Dikwels word jy verwyt: "Is jy nou tevrede met die nuwe Suid-Afrika?" Jy moet bely: "Ek het geskop en geprotesteer teen die ou Suid-Afrika – maar die huidige een is

nie die een waarvoor ek gebid en gewerk het nie."

Toentertyd het jy nie ingepas nie. Jy kon nie saamgaan met die apartheidsideologie nie, maar ook nie met die bevrydingsideologie nie. Jy het geweet die meeste voorstanders van apartheid was nie rassiste nie, maar realiste met betrekking tot die onwerkbaarheid van byvoorbeeld 'n eenmens-een-stem-politieke model. Jy was egter grondig bewus van die inherente bedrog van die ideologie: klerkies sou uiteindelik moes braai. Andersyds het jy geweet die meerderheid "vryheidsvegters" was nie edele, altruïstiese, goed-ingelichte, bekwame mense gedryf deur 'n onweersaanbare drang om hulle landgenote "vry" te maak nie. Jy het hartlik getwyfel aan die morele onderbou van die "bevrydingsbeweging": sou die "waarheid" wat dit gepropageer het "geregtigheid" (die enigste bybelse vereiste vir 'n politieke bedeling) voortbring?

Tog het jy die verandering vanaf 1994 verwelkom en gesteun. Jy het geweet die nuwe Suid-Afrika kon nie 'n Utopie wees nie, maar dit sou beter wees as die oue. Nou wonder jy egter: is dit werklik beter? Jy moet nou medeverantwoordelikheid aanvaar vir die gebakte pere waarmee ons sit en iets daaromtrent doen.

Hoe doen jy dit egter as 'n konserwatiewe liberale mens? Jy kan nie selfmoord pleeg nie: dit los niks op nie. Jy kan ook nie boeke, gedigte en kwaai artikels skryf oor die verskriklikhede en onnugterings van die nuwe bedeling nie: wat is nuut daaraan? Landuit vlug, is ook uit. Al wat jy kan doen is om, in die lig van die waarheid wat vrymaak, te bely: ek is ook 'n sondaar. Ek het my misreken. Werklikhede het my onkant

gevang. As ek dit kan definieer, kan ek iets omtrent die gebakte pere doen.

Ek het my met veral vier dinge vergis: die ruggraatloosheid van die Suid-Afrikaanse (en veral swart) Christendom; die geslaagdheid van die strategie om Suid-Afrika onregeerbaar te maak; die onverantwoordelike manier waarmee regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging toegepas is; en die ontoepaslikheid van die Grondwet wat opgestel is.

### 'n Ruggraatlose Christendom

In die ou Suid-Afrika het die meerderheid kerke en Christene op georganiseerde en spontane wyse 'n stroom van kritiek en protes teen apartheid aan die gang gehou. Christene het internasionale byeenkomste georganiseer en talle bewegings het gesorg vir 'n voortgaande kritiese evaluering van die politieke scenario. Daar was voortdurend byeenkomste, optogte, konferensies, bewegings en organisasies van Christene oor kerklike grense heen, asook kerklike besluite en preke teen die regeeringsbeleid. Begrafnisse, veral in die swart gemeenskap, was geleentheid vir politieke retoriek teen apartheid.

Ek het geweet die sensussifers wat aandui dat 70% van die bevolking Christene is, is hoogs misleidend. Tog het ek verwag dieselfde robuuste kritiek en aksies sou voortduur teen misbruik en ongeregtigheid van die kant van enige regering. Ek is egter verras deur die totale ruggraatloosheid en gebrek aan 'n bybelse paradigma (dié kenmerk van mense, vry, onder die koningskap van God) by "Christene". Verstommend dat slegs 'n handjievol Christelike leiers hulle uitspreek teen die algemene korrupsie, selfverryking, gebrekkige dienslewering, en bedrieglike en onhaalbare verkiesingsbeloftes. Sommige kerke doen hulle bes om in die guns van politieke leiers te kom deur 'n byna sieklike rugkrappery van diesulkes. Met elke verkiesing trek massas Christene hulle kruisies vir sekularistiese partye. "Verkose" verteenwoordigers buit hulle uit en bedrieg hulle. Bybels-gefundeerde partye kry minimale steun! Ek het nog geen openbare stemme van Christene hoor opgaan teen blatante ondersteuning van tradisionele

Afrikagodsdienste nie – wat die aanhangers vasvang in permanente onvryheid.

Ek is onkant gevang! Ek het nie genoeg erns gemaak met die bybelse definisie van wie en wat 'n "Christen" is nie: iemand wat 'n dissipel van Jesus is, die waarheid ken en daardeur vrygemaak is.

### Die strategie van die land onregeerbaar maak

Buthlezi het teen hierdie strategie gewaarsku: "Making a generation ungovernable for one government, makes it ungovernable for any future government!" Die strategie het daarin geslaag om 'n ongesonde minagting vir gesag en wet en orde in die teikengemeenskap te laat posvat: vanaf die ondermyning van ouerlike gesag tot die gesag in skole, plaaslike en sentrale owerhede, die polisie, gesagsfigure (behalwe die van die "bevrydingsbewegings"). Die gevolge is vererger deur die opberging van en beskikbaarstelling aan "kaders" en hulle opponente van gesofistikeerde wapentuig – wat na "bevryding" in onbekende hoeveelhede in omloop gekom het. Die hele proses is versnel en gepropageer deur die ideologie van Sekularisme, gedra deur die Grondwet en die media wat die denke, waardes en gedrag van byna almal verder beïnvloed het teen tradisionele gesagpersone, -strukture en tradisies.

### Bevryding sonder perke lei onafwendbaar na chaos.

Ek het nie so 'n radikaal "onregeerbaar-gemaakte" bevolking voorsien nie. Bevryding sonder perke lei onafwendbaar na chaos.

### Onverantwoordelike toepassing van regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging

Ek het gemeen die buitelandse leierskorps het ervaring opgedoen van funksionele state en regerings. 'n Bekwame en ervare amptenary is onontbeerlik. Die binnelandse leierskorps moes tog met "tuislandregerings" en munisipale rade gesien het hoe ingewikkeld doeltreffende dienslewe-

ringstrukture is. Almal moes tog teen 1990 geweet het dat 'n land se ekonomie werk as dit bedryf word deur kundige mense met integriteit, ervaring en bewese bekwaamheid wat waarde toevoeg tot ondernemings.

Met dit alles het ek my grootliks misreken: die nuwe maghebbers het ervare en bewaam amptenare vervang met "kaders" van onbewese bekwaamheid; swart ekonomiese bemagtiging het ontaard in 'n skandalige kanalisering van meestal onverdiende rykdom na 'n klik wat in al groter weelde swelg.

**'n Grondwet kan alleen werk as dit berus op en gestalte gee aan die grondliggende waardes van 'n gemeenskap.**

Nou sit ons met 'n onberekenbare verlies aan bekwaamheid, ervaring, werksetiek en professionalisme. Selfverryking, toeëiening en onhaalbare beloftes aan die massas is "the name of the game". Met die ontoepaslike onderwysstelsel lyk dit nie of daar binne afsienbare tyd plaasvervangende vaardighede sal wees nie. Dit verhoog die frustrasies van die massas en maak die opsie van die "deurvoering van die nasionale demokratiese revolusie" al hoe aantrekliker – maar in werklikheid sal dit wees: die laaste spyker in die doodkis.

### **'n Totaal ontoepaslike Grondwet**

'n Grondwet kan alleen werk indien dit berus op en gestalte gee aan die grondliggende waardes van die gemeenskap. Die sekularistiese, humanistiese en liberalistiese waardes van die huidige Grondwet is in vele opsigte in botsing met daardie waardes – eerder 'n reaksie teen die "vergrype" van die verlede. Die Grondwet is klaarblyklik (soos die onderwysstelsel) die produk van 'n dinkskrum van eerste-wêreldse teoretici wat nie rekening gehou het met die paradigma van 80% of 90% van ons bevolking nie. Dit begin by die godsdiens. Sekularisme word verskans, maar die reg van die meerderheid om hulle geloof in die Grondwet te verskans,

word ontken. Menseregte en vryhede word oorbeklemtoon ten koste van algemeen-aanvaarde waardes van dissipline en gehoorsaamheid aan gesagstrukture. Tradisionele maniere van gesag te handhaaf by wyse van toepaslike straf, is grootliks onwettig verklaar. Die verkiesingstelsel gee byna onbeperkte mag aan die meerderheid met min beskerming aan minderhede. Die kandidaatlysstelsel skep 'n byna oorbrugbare kloof tussen "vertegenwoordigers" en kiesers – totaal vreemd aan die politieke tradisies van ons land.

Ek het my misreken met die algemene gees en beginsels wat in ons Grondwet vervat sou wees: dit is nie in ooreenstemming met die waardes en tradisies van ons mense nie. Die gevolg is 'n gemeenskap wat moreel aan die uitrafel is – en 'n sekularistiese Grondwet bevorder dit in plaas daarvan om dit te hou.

### **Na al die misrekenings: wat nou?**

Nadat ek my misrekenings bely het, kan ek net een ding doen: getuig vir die waarheid wat bevry en teen die leuen wat bind en gevange hou.

Die waarheid is eenvoudig: mense is sondaars – gebrekkig in hulle denke en gedrag. Hulle kan nie waarheid skeep nie: dit moet hulle van buite gegee word. Dit het gebeur deur die ware God wat die waarheid openbaar: deur sy skepping en geskiedenis, die Bybel en sy koms na die wêreld as Jesus Christus. Die bybelse waarheid omtrent mense en hulle strukture, hulle wonderlike vermoëns en hulle verskriklike swakhede, moet ek verkondig. Ek moet getuig van die almag, genade, wysheid, heiligheid en oordeel van die ware God – daardie waarhede wat die katalisator was van die Christelik-Westerse beskawing, wat mense bevry van die bindende verslawende mag van die leuen.

Maar ek moet ook getuig teen die misleiding van Sekularisme wat mense wysmaak hulle het God nie nodig nie. Hulle het hom eintlik ontgroeï en kan hulle eie heil skeep. Ek moet getuig teen die tradisionele Afrikagodsdiens wat inderdaad uitgedien is: die uitgangspunte en waardes

daarvan is totaal in konflik met die wêreld van vandag en ontmagtig sy aanhangers om betekenisvol by te dra tot die moderne wêreld.

Helaas moet ek ook getuig teen die op-die-mensgerigte gees wat in 'n groot deel van die kerk vaardig is: wat die ware God van sy goddelikheid beroof met slagspreuke soos: "God is daar vir jou" in plaas van: "Jy is daar vir God"; wat die misterie van die ware God en sy openbaring wil aanpas sodat ons Hom kan verstaan in plaas daarvan om in Hom te glo en Hom te aanbid as die Gans Andere; wat eredienste wil verander in opwindende ervarings in plaas van om God se Woord so te verklaar en so toe te pas dat mense hulle sal bekeer en hulle lewens, denke en prioriteite verander tot diensbaarheid aan die koninkryk – die hoogste vorm van patriotisme en die opwindendste diens aan ons wye en droewe land.

Bostaande belydenis van 'n konserwatiewe liberale sal van moderne liberales waarskynlik hewige protes ontlok of 'n meewarige kopskud. Ek het mos gesê om 'n konserwatiewe liberale te wees, is 'n avontuur: vir diesulkes is daar geen gemaksones nie. 2000 jaar gelede het Jesus 120 konserwatiewe liberales die wêreld ingestuur met sy waarheid – en die wêreld uiteindelik deur miljoene bevryde volgelinge vir altyd verander.

As 'n konserwatiewe liberale sien ek 'n Suid-Afrika wat weer 'n dringende nood ervaar om indringend te verander. Ek sien weer 'n geleentheid. Ek gryp dit aan!

**Scheppmann, Susanne. 2010. Verrassend nuut.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 279 p. Prys: R119,95. ISBN: 978-1-77000-717-8.

**Resensent:** Petria Theron  
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

*Verrassend nuut* is die vertaling van *Following God: perplexing proverbs for women* deur Susanne Scheppmann. Sy het baie ondervinding op die terrein van Bybelstudie, is 'n gewilde spreker en skrywer van tydskrifartikels en dien as leier in verskeie vrouebedienings. Sy gebruik hierdie ondervinding om 'n tien weke-lange (vyf dae per week) interaktiewe Bybelstudie oor die boek Spreuke te skryf. Sy het tien aktuele temas geïdentifiseer waarmee die moderne vrou baie goed kan assosieer en dikwels mee worstel, onder andere vertroue, tevredenheid, vriendskap, emosies, moederskap, finansies en tyd. Sy lig die temas toe met verhale en voorbeelde uit die hedendaagse lewe, uit haar eie lewe en ook deur na Bybelfigure in die Ou en Nuwe Testament te verwys. Sy getuig dat haar eie lewe eers werklik begin sin maak het toe sy God se spreuke bestudeer het en in haar lewe toegepas het. Die boek Spreuke het haar voete op die pad van 'n oorvloedige lewe geplaas, omdat sy geleer het hoe om met wysheid op te tree en besluite te neem.

Vroue wat behoefte het aan 'n interaktiewe (vraag-antwoord) tipe Bybelstudieboek wat oor aktuele temas handel, sal hierdie boek met groot vrug in hulle persoonlike stiltetyd, maar ook saam met vriendinne in 'n Bybelstudiegroep kan gebruik. Dit is in 'n gemaklik styl geskryf en die vertaling is knap gedoen. Die bladuitleg was op 'n paar plekke ietwat steurend, aangesien 'n nuwe dag se studie onderaan die bladsy begin, soms met net die opskrif en 'n enkele sin op die vorige bladsy.

'n Boek oor Spreuke en vroues kan natuurlik nie anders as om met die vrou van Spreuke 31 af te sluit nie. Susanne Scheppmann se tien temas vind pragtig neerslag in hierdie laaste hoofstuk van Spreuke oor die eerbare, knap vrou – seker elke vrou se toonbeeld van die ideale vrou